SAKE 24 (Beeld)
Thursday, 8 July 2010, p. 1

Ekonoom van die Jaar word vanaand aangewys



Die kunstenaar Guy du Toit saam met die trofee wat hy vir die 2009 Ekonoom van die Jaar-wedstryd ontwerp het.

Een van Suid-Afrika se voorste kompetisies vir ekonome wys vanaand sy 22ste wenner aan.

Die gala-toekenningsgeleentheid van die FinMedia24 Ekonoom van die Jaar vir 2009 vind vanaand in Kyalami buite Johannesburg plaas.

Mnr. Pravin Gordhan, minister van finansies, gaan die gasspreker wees.

Dié kompetisie, wat in 1988 vir die eerste keer deur die destydse *Sake-Beeld* aangebied is, en daarna deur *Sake24*, word vanjaar vir die eerste keer deur FinMedia24 aangebied.

FinMedia24 is die mediamaatskappy wat onder meer *Sake24*, sake24.com, *Finweek*, fin24.com, Miningmx en McGregor BFA insluit.

Die deelnemers van 2009 moes maandeliks vooruitskattings vir 12 kernveranderlikes tussen Februarie en Desember doen.

Dit sluit in groei in die bruto binnelandse produk (BBP) vir die jaar, inflasie volgens die verbruikersprysindeks (VPI) vir die jaar, die gemiddelde goudprys vir die laaste kwartaal van die jaar en die rand se wisselkoers teenoor die euro en die dollar vir die laaste kwartaal van die jaar.

Die vooruitskattings word deur prof. Eon Smit van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) verwerk en elke maand se konsensusvooruitskattings en standaardafwykings van dié konsensus word bereken.

Die wenner van die kompetisie is die ekonoom wie se voorspellings die naaste aan die uiteindelike waarheid is.

Nog net een ekonoom, mnr. Ulrich Joubert, wat voorheen aan Transnet verbonde was en nou 'n ekonoom by Kruger Internasionaal is, kon die kompetisie drie keer wen: in 1990, 1993 en 2001.

Mnr. Dave Mohr, voorheen van Ou Mutual en deesdae van Citadel, het in 1992 en 1999 gewen. Mnr. Mike Schüssler, deesdae van Economists.co.za, het ook twee keer gewen. Dit was in 2005 en 2007, toe hy nog aan T-Sec verbonde was.

Die kompetisie het tot dusver nog net een vrouewenner opgelewer toe me. Anne-Marie Wiehahn van Sasol in 2000 met die louere weggestap het.

Die storms wat aan die begin van 2009 in die wêreldekonomie en ook plaaslik gewoed het en wat toe gevolg is deur sterk herstel in die laaste klompie maande van die jaar het in baie gevalle tot uiteenlopende vooruitskattings gelei.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die eerste kwartaal van verlede jaar met 7,4% gekrimp en in die vierde kwartaal met 3,2% gegroei.

VPI-inflasie het van 8,6% in Februarie tot 6,3% in Desember gedaal. En die Reserwebank se monetêrebeleidskomitee het rentekoerse deur die loop van die jaar met 4,5 persentasiepunte verlaag.

Die 2010 Ekonoom van die Jaar-kompetisie is intussen reeds volstoom aan die gang. Die jongste voorspellings van die 35 deelnemers verskyn môre in *Sake24*.

Vorige wenners

1988	Johan Louw	Sanlam
1989	Johann du Pisanie	Senbank
1990	Ulrich Joubert	Transnet
1991	Louis Geldenhuys	Senekal Mouton Kitshoff
1992	Dave Mohr	Ou Mutual
1993	Ulrich Joubert	Transnet
1994	Louis Fourie	JMM-Beleggingsdienste
1995	Nico Czypionka	Standard Bank
1996	Edward Osborn	Edey Rogers
1997	Riaan Lombard	AHI
1998	Herman van Papendorp	BoE Sekuriteite
1999	Dave Mohr	Citadel
2000	Anne-Marie Wiehahn	Sasol
2001	Ulrich Joubert	Transnet
2002	Jac Laubscher	Sanlam
2003	Johan Willemse	Sanlam
2004	Roelof Botha	PricewaterhouseCoopers
2005	Mike Schüssler	T-Sec
2006	André Mellet	Noordwes-universiteit
2007	Mike Schüssler	T-Sec
2008	Christo Luüs	Ecoquant

Sake24
Rentekoers daal dalk oor 2 weke